



*Petronella*  
KONINGIN VAN DIE KAROO

NICO SCHAMREL

©Nico Schamrel

**ISBN:** 978-0-620-92925-7

**EERSTE PUBLIKASIE** Maart 2021

**GESET** in Calibri 12

**TEKSVERSORGING**

Ronel Dunn en Bets Koen

[www.pendit.co.za](http://www.pendit.co.za); [info@pendit.co.za](mailto:info@pendit.co.za)

**TIPOGRAFIE**

Bets Koen / [bets.adminco@gmail.com](mailto:bets.adminco@gmail.com)

**OMSLAG**

NS Kreatiewe Ontwerp

[www.nicoschamrel.com](http://www.nicoschamrel.com)

[nicoschamrel@gmail.com](mailto:nicoschamrel@gmail.com)

*Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of langs enige elektroniese of meganiese weg weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat- of bandopname, mikroverfilming of enige ander stelsel van inligtingsbewaring.*

**Uitgewer:** [www.nskrywershuis.co.za](http://www.nskrywershuis.co.za)

[info@nshuis.co.za](mailto:info@nshuis.co.za)

Gedruk deur Groep 7 Drukkers

[www.groep7.co.za](http://www.groep7.co.za)

[epos@groep7.co.za](mailto:epos@groep7.co.za)

**PETRONELLA,  
Koningin van die Karoo**

Deur

*Nico Schamrel*

## ERKENNING

Les Javan en die Soetstemme Koor

### VEILIG IN DIE HERE

*Die Here het kom kuier, maar daar's niemand  
by die huis*

*Die Here het kom kuier, maar daar's niemand  
by die huis*

*Die Here het kom kuier, maar daar's niemand  
by die huis*

*Dawid slaan vir Goliath met die ster van  
Bethlehem.*

*Oe, hy's veilig in die Here,  
veilig in die Here,  
veilig in die Here by die Bergrivier se wal.*

*Onderkant die water is dit stil  
onderkant die water is dit stil.  
Almal het gekom om die liefde te kom hê,  
maar onderkant die water is dit stil.*

*Hy kom van ver,  
Hy kom van ver  
Hy kom van ver (X5)  
om Sy kinders te kom haal.*

VIR

al die kinders wat drome droom –  
'n sprinkaan kan net vorentoe spring.

**PETRONELLA,  
Koningin van die  
Karoo**

## Hoofstuk Een

### **PETRONELLA EN KIETIE**

Petronella is besig om wasgoed op te hang. Sy skud 'n bloes uit. Toe sy opkyk, sien sy hoe draai die kransasvoëls bokant die Kloof, donkerbruin en swart kolle wat sirkel en stadiger sweef.

Kyk hoe sit die berg, die lyf van 'n dier en 'n kop van 'n roofvoël. Daar maak die aasvoëls nes.

Op daardie berg lê die spore van ongelukkigheid en afgryslikheid, skandes en klug – en daardie spore loop net na een plek toe.

Maar dié kant lê die berg voor haar uitgestrek: 'n knobbel rug, seningrig by sy stert, 'n spekvet lyf bedek met kriebos, kooigoed, krietjiesgras en die bitteraalwyn. Op sy rug lê spore van verlange, hoop en geheime – heiligheid in sy binneste.

Oor die werf rus spore van aalwyntappers, skaapskeerders en skaduwees van haar oermense met bygelowe.

Die reuk van bitteraalwyn – dit klou aan jou soos wat die Karoo se bossies aan jou voete kleef. Kruiereuk wat jou heelmaak. 'n Bitter reuk wat jy nie kan wegwas nie.

Daardie bitter is ook binne mense: dit kleef aan hulle harte. Hulle weet nie hoe om die bitter weg te was nie, en daardie bitter is erg soos gal.

Hulle ken nie die sprinkaan nie. Hulle weet nie dat sprinkaan kan net vorentoe spring nie.

Janneman sê so, maar Janneman is weg. Hy sal weer terugkom en dan sal alles weer reg wees.

“Vir wat staan jy weer so en droom?” vra Kietie en kreun toe sy met haar stywe bene opstaan. “Jy moet pad toe. Is die kruywa gelaai?”

“Ja, Ma, vroegoggend al.”

“Dit gaan besig wees vandag. Jy weet hoe dit gaan so voor ’n langnaweek. Het jy genoeg van alles gepak? Jy steek lyf weg.”

“Issie, Ma! Skaam Ma om so lelik met my te wees. Ek doen alles hier, behalwe Kasper wat help met die skape in die kraal kry.”

Kasper waai sy stert heen en weer en spring regop. Hy weet wanneer daar oor hom gesels word.

“Kasper is een skaaphond wat jy nie weer sal kry nie.” Hy draai se kop skeep. “Hy snuffel ’n ding uit, al is daai ding weggesteek op die berg,” sê Petronella en vryf sy kop.



Hy het eendag reuk gevang toe een van die skaapskeerders verdwyn het. Op teen die koppie tot by die grensdraad van miss Selma. Toe weet sy die robbies het oorgeloop na miss Selma se span.

Sy tel die emmer op en sit die orige wasgoed-pennetjies in haar voorskoot se sak.

Dan glimlag sy vir die karoobossies wat skitter in die môredou, sterre in die doudruppels, goue ogies van die oggendson. 'n Kleed van edelstene, God s'n.

Janneman was reg toe hy gesê het dat hierdie is God se juwelekis. In alles kruip daar 'n stukkie liefde weg.

As hy net wil terugkom.

“Kom Kasper, ons moet aan die gang kom.”

Petronella moet eers Kietie versorg en haar stoel in die skaduwee van die huis sit, voor sy na die plaashek padaf draf. Die drom aalwynsap is swaar, trek haar skeef. Een drom se aalwynsap is drie dae se werk, sy dra dit versigtig. Om die pot te roer tot die sap reg dik is, vreet aan jou arms. Die galbitter reuk wat aan jou kleef.

“Sê vir haar die res sal volgende week reg wees!” skree Kietie agterna, “en dan kom haal jy die kruiwa. Roer jou!”

Kasper blaf terug.

“Sy soek net een drom. Sy het nie vir volgende week bestel nie, Ma.” Haar ma raak deurmekaar. Sy dink steeds aan die dae toe hulle met plaasbakkies kom aalwynsap laai het. Toe hier ’n werf vol volk was wat met die tap gehelp het. Daardie dae is lankal verby.

“Ma moenie opstaan nie, ek kom nou.”

“Waar gaan jy heen?”

“Hek toe, Ma!” Hoe lank gaan sy nog aanhou? “Ek vat die sap hek toe.” Ma Kietie is nog nie eers vyftig nie en dan vergeet sy al klaar.

Sy loop vinniger.

Daar wag drie gate se aalwyn-tap wat moet dromme toe. Wanneer kan sy ook beter lyk en ruik? Op Aalwynspoort staan jy vroegoggend op net om in die veld te gaan stap en ’n paar karoobossies plat te trap. Daai tere trapslag laat mildelik geure vry wat herinner aan die sagmoedigheid en geduld van die Karoo. Dit is salwend vir jou gemoed, ’n malse oomblik waarin jy weer jou menswees voel.

Tog, soms voel jy verlore. Die verlange en wag op iemand – jy moet sagmoedig bly en jy moet die geduld van die Karoo hê.

Vandag verlang sy weer.

Die vrou in die blink kar sit by die toe hek en wag. Die kar se bagasiebak gaan vanself oop. Sy ken al die roetine.

Jissie, maar die vrou lyk weer spoggerig vandag en ruik strydig met die Karoo na blomme.

“Jy is laat vandag, meisie. Sit die drom agter,” sê die vrou.

Sy weet sy moet. Sy weet die drom moet binne die kis kom aan die linkerkant. Sodra sy by die vrou gaan staan vir die geld, gaan sy eers in haar blink handsak krap.

Sy ken die vrou se geoefende sinne.

“Dit is dertig rand, reg?”

“Veertig.”

Dit kos al die afgelope jaar veertig rand. Nou gaan sy nie genoeg geld by haar hê nie. Vir hierdie vrou se skelmstreke is sy nie voor lus nie. Altyd te min geld en alewig haastig, want die pad terug is vermoeiend.

“Ek het nou net dertig rand. Ek is so seker dit was altyd dertig rand.”

“Veertig rand vir die afgelope jaar, miss. Moet ek dit uithaal?” vra sy nukkerig en mik na die bagasiebak.

Kasper grom.

“Nee, wag ...” sy krap rond in haar handsak. Die blink krale om haar nek skitter in die sonlig.

“Ek sal die tien rand volgende keer saambring,” sê sy ongeduldig.

Glas, goud, die oggend dou se blink in ’n string om haar nek.

“Ek sal die krale neem.” Sy sê dit sag.

“Wat? Hierdie?” sy vat liggies daaraan. “Dit is baie meer werd as tien rand,” sê die vrou verontwaardig.

Petronella bly staar, ’n vinnige kykie na die bagasiebak en weer na die krale. “Die sap is meer werd.”

Die vrou haal die krale af. “Hier ... ek is volgende week terug. Ek wil graag vier dromme laai as dit moontlik is?”

“Ja, maar ... maar ek soek dertig rand ’n drom en vier stringe krale – soos dié.” Die vrou moet nie kans kry om terug te antwoord nie.

Op pad na die huis is dit al waaraan sy kan dink. Waar sy die moed vandaan gekry het, weet sy nie. Vier stringe blink krale, jissie. Sy hoop dit gaan verskillende kleure wees; 'n groene soos die karoobossies, 'n geel een wanneer die son laag begin sak, blou soos die hemel en oranje soos die aalwynblomme.

Gelukkig is daar die drie gate wat wag. Sy sal die berg moet klim. Daar groei groot bergaalwyne met dik, sappige blare. Dit is baie snywerk, dan pak in streepsakke en vinnig na onder moet bring om in die gate te pak.

Sy ken die berg. Hierdie is haar grond en haar klippe. Sy ken die pad na elke bossie toe, selfs waar die koekemakranka blom. En wanneer die krampe so van binne af in opstand kom met haar vrouwees-dinge, ken sy die pad na die katjie-drie-blaar en die kankerbossie.

Die kroiwa wip oor die klippe, trek een kant toe. Sy moet weer terug huis toe om die turksvystroop te laai.

“Sy’t gedink sy gaan my verneuk, Kasper – nie maklik nie, nè? Kom!”

Kasper blaf en draf saam met sy neus teen die grond, altyd aan die ruik.

Twee planke op verfblikke dien as 'n tafel vir die vars plaaseiers, vars gebakte brood, turksvystroop, bottels aalwynsap en Kietie se ingelegde turksvye. Die bondels hout is onder Janneman se skerm. Hy het die seil by mister Kolby gekry vir 'n dag se skeerwerk, toe plant hy vier pale langs die draadheining en span die seil.

“Daar's vir jou 'n shop,” het hy gesê en sy hemp weer aangetrek. Sy kon die bokhaar aan hom ruik. Toe neem sy 'n sluk van haar mengsel katjie-drie-blaar en kankerbossie. Janneman was soos een van mister Kolby se spog ramme.

Die droogte het om hulle gesweer. Daarvoor was nie genesing nie, behalwe met God se reën. Daar is twee goed in haar Karoo-koninkryk wat mens nie maklik vergeet nie: die reuk van dood en die reuk van bitteraalwyn.

Hy het opgekyk na die blou uitspannel, 'n wolk gesoek.

*Dankie vir my shop, het sy gesê en toe gee sy hom 'n glas koue gemmerbier. Wanneer gaan jy weg?*

Hy het op en af in die pad gekyk. *Sodra die skeertyd oor is, seker volgende week.* Toe steek hy sy hemp in; 'n bloue met wit knope, 'n grys broek wat ordentlik aan sy gespierde lyf sit.

Sy het nog 'n slukkie van haar mengsel geneem.

*Gaan ek jou weer sien voor jy weggaan?*

## **BOEKE DEUR DIE SKRYWER**

Engela – Kortverhaalbundel

Rooi Papawers – Speur- en moordverhaal

Prente in my kop – Kortverhaalbundel

Die Griesels van Poespasvlei (deel 1) – Komedie

Die Griesels van Poespasvlei (deel 2) – Komedie

Steppie lyk soos heuningwas – Roman, gebaseer op ware gebeure en karakters

Geagte Mej. Du Toit – Biografie van ’n sendingvrou soos deur haar neergepen

Koster – Roman, speur- en moordverhaal, spanningsverhaal

Sondebok en swartskaap – Roman

**Aanlynwinkel:** [www.nskrywershuis.co.za](http://www.nskrywershuis.co.za)